# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

**October 2018**

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe



Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

# SA Kampioene - Sommer net vir die onthou.......



Benard van Zyl - 2005



Chris Engelbrecht - 2006



Klasie Botha - 2007



Willie van Zyl - 2008



Gerhard vd Bank - 2009



Wesmar Boerd-ery - 2010

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


Editors Column 1
Editorial 2
My duiwe geskiedenis - Danie Strydom 3
Nuus vanaf Skaarsrasklub - Hennie Hattingh 10
My pad met Sjinese Uile - Lourens Muller 11
Scoreboard and Rules 16




### Birthdays

*V036 - Japie Möller - 01-Nov*
*B067 - Pieter Duvenhage - 02-Nov*
*S001 - Jan Coetzee - 02-Nov*
*D019 - Piet Pretorius - 06-Nov*
*N031 - Lionel Phillips - 07-Nov*
*D040 - Frik Butler - 09-Nov*
*A035 - Hennie Loots - 10-Nov*
*C038 - Hennie Visagie - 11-Nov*
*W002 - Frik Schoeman - 12-Nov*
*D023 - Jannis Esterhuizen - 12-Nov*
*W026 - Bertie Wessels - 12-Nov*
*W038 - Kitty Botes - 12-Nov*
*N026 - Wayne Nicholson - 17-Nov*
*B029 - Neil Duvenhage - 18-Nov*
*B013 - Christo Martin - 20-Nov*
*W034 - Jurie Bezuidenhout - 21-Nov*
*J002 - Johan Nel - 22-Nov*
*B004 - Nollie Oosthuizen - 24-Nov*
*H063 - Pieter Neethling - 27-Nov*
*B024 - Willie van Zyl - 28-Nov*
*V023 - Kobus Snyman - 29-Nov*
*H029 - Andries Groenewalt - 29-Nov*
*C005 - Simon Jordaan - 30-Nov*

### *Ill members*

*Hansie Botes*
*Frik Schoeman*

### *Deaths*

**Advertisement Costs**
**Businesses and non SAFPA members**
**Quarter page - R250 / Half page - R450 / 3 Quarter page - R650**
**Full page - R850 / Colour cover page - R1200**
**SAFPA members - Only one placement**
**¼ page - R100 / ½ page - R200 / ¾ page - R300 / Full page - R400**

**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 - 20:00**
**Sunday after 14:00**


Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800



**Redakteur/Editor**
**Christo Munnik**

Lank gelede in 1976 sluit ek by die Sierduif Vereniging aan deur 'n advertensie wat ek in die Landbou Weekblad gelees het. Ek het besluit om my duiwe (Birmingham Rollers natuurlik) te begin skou. Ek ontvang deur die pos 'n briefie met my ringe en ook die Sierduif boekie. Dit was so 'n dun rooi boekie maar vir my so kosbaar soos wat my duiwe (later uitgevind dit was sommer gemors) vir my was. Ek het al die artikels verslind, uitgespoeg en weer verslind. Hoekom? Want leesstof oor sierduiwe en rollers was net nie beskikbaar nie. Nou het ek aan 'n skouvereniging behoort wat my toegelaat het om my "commens" te skou, hulle het vir my ringe verskaf vir my duiwe en ek het elke maand die belofte gehad van 'n nuwe boekie vol leesstof. Die hemel het vir die arme duiweboer oopgegaan en al die seëninge wat ek voor kon wens het op my afgereën.
Dit het nie vir my saakgemaak wie wat in die SASV was nie. Dit het nog minder saakgemaak wie die samesteller of Redakteur van die wonderlike boekie was, al wat ek as ringlid wou hê is die volgende maand se boekie. Lekker nê. So gaan die tyd verby en daar word 'n nuwe Redakteur aangewys by name Kobus Snyman. Weer eens net 'n naam maar 'n naam wat ek wou onthou want die ou gee vir my leesstof oor duiwe, duiwesiektes en die lief en leed van die duiwevolkie.
Nooit in my wildste drome sou ek myself as Redakteur van so 'n nuusbrief kon sien nie, want ek was ook maar soos die meeste ander lede vandag nog is, te bang om te skryf oor duiwe en mense want daar was altyd iemand wat langer as ek duiwe boer en meer weet as ek en netnou maak ek 'n gek van myself. Ek wil vir julle wat so dink sê dat ek baie jare later besef het dat ek 'n groter bydrae kon gelewer het as ek net die moed kon bymekaar skraap om te skryf.
Nou is ek die Redakteur van die einste Nuusbrief en alles het goed gegaan tot ek nou die dag begin om my eerste Nuusbrief aanmekaar te sit en besef dat ek heeltemal te min leesstof het, saam met al die skouuitslae, om een Nuusbrief van 48 bladsye aanmekaar te sit. Wat nou gedoen want daar moet nou twee boekies verskyn in die volgende twee maande. Ek was gelukkig die Nasionale Beoordelaarsbeampte en het nog baie uittreksels om te maak uit die Beoordelaarsforum handleiding, ek het ook nuus oor die voorgenome skouskedule wat aanstaande jaar gaan verskyn en ek het nuus oor die Engelse en Afrikaanse Standaardeboeke. My vrou is die Nasionale Ringmeester en ek kan haar ook kry om iets te skryf maar tussen ons kan ons nie alleen die nuusbrief vol maak nie.
Ek wil dankie sê aan almal vir hulle gelukwense en voorspoed wat hulle my toegewens het en ek moet darem dankie sê aan diegene wat alreeds leestof ingestuur het maar al die ander manne en vroue asseblief skryf tog net iets. Dit gaan van julle afhang of die nuusbrief elke tweede maand 48 bladsye gaan beslaan of nie.
Groete

## My eerste redaksionele kommentaar in 2005

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *My duiwe geskiedenis*

***Danie Strydom***

Vandat ek kan onthou was daar voëls in my lewe. My pa het met voëls gebo-er. Ek was 8 jaar oud toe ons eendag by my oom gaan kuier het. My oom het vlieg duiwe gehad en ek het die hele vakansie hom gehelp hokke skoon maak en elke dag duiwe kos en water gegee. Toe ons terug gaan huis toe, het my oom vir my 4 duiwe gegee en by die huis het ek my hok gebou. My pa het die kos gekoop, maar ek moes hulle self versorg. Ek het met die vlieg duiwe aan gegaan tot ek Hoërskool toe is, ek moes toe ontslae raak van die duiwe, want ons het in Harrismith gebly en ek is Kroonstad Landbou skool toe.

Ek het in die koshuis gebly en het net skool vakansies en twee naweke in 'n kwartaal huis toe gegaan. Ek het gehelp met die voëls en hoenders as ek by die huis was. Na my Weermag opleiding het ek begin werk en my eie huis gehad, voor ek 'n sitkamer stel gekoop het, het ek weer duiwe hokke gebou en met dui-we begin, die keer was dit gewone straat duiwe wat ek by my tannie hulle in Jo-hannesburg gevang het, ek het toe in Ja-cobsdal gebly.

Ek is in 1992 verplaas na Badplaas en het die duiwe minder gemaak en daar aan gegaan met die Joubert Park (Jo-hannesburg) straat duiwe. In 1997 is ek weer verplaas na Welkom en het weer net tien pare saam gevat, ek het by 'n oom op Jan Kempdorp vyf pare Birming-ham Rollers gekoop. Ek het met die Roll-ers aan gegaan tot ek Christo Munnik in 2002 ontmoet het en van die SASV ge-hoor het.

Ek het by die SASV aangesluit en was verseker ek gaan die ouens in die grond in skou, maar het niks geweet van skou nie en het net my duiwe geken. Christo het my kom help om my duiwe te selek-teer, hy het my mooi laat verstaan dat hy




**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers en Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**





Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

in my hokke ingaan en daar is nie tyd vir sentiment nie, want swak duiwe vreet net soveel as goeie duiwe en dit is nie die moeite werd om swak duiwe aan te hou nie, want ‘n swak duif kan nie ‘n kampioen gevoer word nie. Hy het my die standaarde gegee vir die rollers en ek het dit deur gegaan en Christo het my by sy duiwe verduidelik hoe skou Birmingham’s moet wees. Ons het af gespreek en Christo sal die volgend Saterdag my kom help sorteer.

Hy het daar gekom en gesê ek moet in die sitkamer gaan sit en ‘n bier drink, hy is in die hokke in en seker ‘n uur later het hy my geroep, toe ek by die hokke kom was daar seker 8 duiwe van so 100 oor, al die ander het in die asblik gelê, nekke omgedraai. My hart was baie seer; maar hy het gesê dit is al goeie duiwe wat ek gehad het. Ek dag toe, wel nou kan ek weer met die goeies teel en volgende jaar gaan skou. Tot my verbasing het Christo gesê ek moet saam hom Henneman toe ry, daar aan gekom het hy gesê ek kan vir my 5 pare van sy duiwe uitsoek en so het my boerdery weer begin.

In 2005 is ek en my vrou geskei en die kinders het by my gebly, die seuns was 15 en 13 jaar oud en my dogter was 10 jaar oud. Op daar die stadium moes ek pa, ma en bediende wees en het nie meer so baie tyd gehad vir die duiwe nie, ek het minder gemaak en die seuns het gehelp met die duiwe en die dogter moes in die huis gehelp het.

In 2008 het ek verhuis Port Elizabeth toe en het toe al my duiwe weer vir Willie Myburgh gegee, in Port Elizabeth het ek ook maar weer met duiwe, kokketiele, budgies hoenders en ringnekke begin. Die tweede week in Desember 2017 het ek van al die voëls ontslae geraak en die hokke op gebreek en weg gegee, het die laaste hok die Woensdag laat gaan. Die Vrydag het ons op vakansie gegaan na my vrou se oom op Dundee op die plaas (die eerste keer wat ons hulle ontmoet).

Daar aan gekom kon ek my oë nie glo nie, daar staan seker 10 duiwe hokke op wiele en ‘n klomp sonder wiele vol duiwe. Hy het seker 25 verskillende rasse en toe is ek in die wolke. Ek vra hom toe hoeveel duiwe hy het en hy antwoord hy weet glad nie. Ek maak dit toe my missie om uit te vind. As my oom besig is met sy werk is ek maar tussen die duiwe en tel, gee kos en water. Die tweede dag het ek al die duiwe getel en sê vir die oom dat hy 3485 duiwe het, natuurlik het ek vir hom geskryf hoeveel van elke ras daar is. Toe ons na die week die kar pak om huis toe te kom, word daar toe weer ses duiwe gelaai en die keer was dit Fantails, hy sê hy het gesien ek gee meer aandag vir die Fantails. Ons is daar weg en by die huis aan gekom is die duiwe in die African Grey se hok en hy moes in die huis rondloop. Die volgende oggend vroeg is dit Builderwarehouse toe en Cape Wire om material te gaan koop vir die duiwe hok weer eens.



***My eerste twee Fantails uit oom Nico vd Westhuizen se hokke***

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Daardie aand het die fantails in hulle nuwe hok geslaap. Die Saterdag stuur ek vir Christo Munnk weer fotos van



***My eerste Fantails uit oom Tom Ryke se hokke***

my mooi waaiersterte, hy sê toe Danie daardie is katkos, die bene is te lank, die duiwe lyk soos rugby balle en het my oom Nico vd Westhuizen en oom Tom



***Pearl se "verestoffer" wat sy by Willie Janse van Rensburg gekry het***

Ryke se nommers gegee. Die problem is toe, ek sit in Port Elizabeth en hulle sit in Kaapstad en Bela Bela. Ek het hulle gekontak om skou Waaiersterte te kry en dit was taai, oom Nico het my gesê ek moet vir hom my geskiedenis vertel van duiwe



***My eerste twee babas wat ek self geteel het***

en soos ek begin skryf het, het my vrou my geterg dit is my duiwe CV. Ek het toe oom Nico na omtrent 2 weke oorreed om aan my een paar te verkoop, ek het toe gesukkel met transport, gelukkig het oom

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

Nico gesê dat Ds Renier Lee op gaan en hy sal die duiwe af bring vir my.
Wou weet hoeveel ek hom skuld en hy het gesê ons sal praat as die duiwe by my kom, op die einde het oom Nico dit vir my verniet gegee. 'n Week later het oom Tom uit die bloute vir my 'n video



***Chris Engelbrecht leer vir my en Pearl om sterte te vleg en klein duifies se sterte te knip***

gestuur van twee mannetjies en gesê ek moet kies watter een ek wil hê. Ek het weer my vriend Christo se hulp gebruik en die een gekies en oom Tom laat weet, Christo het nog gesê onthou daardie duiwe is nie goedkoop nie. Oom Tom het my gebel en ons het seker 'n uur gepraat en



***Coenie Naudé beoordeel tydens die Fantail Prestigeskou***

hy het gesê hy sal kyk vir 'n wyfie wat by die mannetjie gaan pas. Weer een probleem met transport en toe hoor ek van oom Johan le Roux wat van Kaapstad af Port Elizabeth toe kom vir 'n honde skou,





***Nog twee nuwelinge wat ons van die Fantail Prestigeskou af saam gebring het***

en met hom gepraat en oom Tom het die paar saam hom gestuur, toe ek oom Tom



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

vra hoeveel ek hom skuld toe sê hy ek kan hulle vat en volgende keer kan ek by hom koop.

Baie duiwe boere het my afgeraai om Waaiersterte te kry, want dit is baie werk en tyd wat hulle verg, hulle het gepraat van sterte vleg, stert vere en vents trim voor jy begin broei of anders kry jy onvrugbare eiers, en voorbereiding vat enorme tyd om waaiersterte reg te kry vir die skoue. Ek het net geantwoord niks in die lewe kom maklik nie en dat my ouers nie bang kinders groot gemaak het nie. So het ek die standaarde van die Waaiersterte bekom en meer Waaierstert vriende leer ken soos Wille van Rensburg en oom Frik Butler en hulle is baie behulpsaam en verdraagsaam en gee my altyd goeie raad en leiding, party keer vra ek baie dom vrae, maar nog nooit was hulle kort af of ongeskik met my nie. Baie goeie vriende wat ek gemaak het wat nie skroom om hulle passie vir Waaiersterte uit te leef en om raad te gee nie.

Ek en my vrou het besluit om die eerste naweek in Augustus die lang pad van Port Elizabeth na Stilfontein aan te pak vir die jaarlikse Fantail skou, ek het net twee broeipare op die stadium gehad met twee kleintjies (sqeukers) wat so veertig dae oud was. Ek het besluit om hulle saam te vat sodat die slim manne my kan sê of ek op die regte pad is en of ek verdwaal het. Die Vrydag oggend het ons in die pad geval, baie opgewonde oor die skou, al gaan ek nie self duiwe skou nie, maar wil die Fantail manne ontmoet en gaan leer by die ou manne.
Daar aangekom die Saterdag oggend en almal was baie vriendelik, maar daar was nie regtig tyd om te praat nie, want almal was besig om die duiwe se laaste voorbereidings te doen voor die skou begin. Oom Tom Ryke, oom Nico van der Westhuizen, Willie Janse van Rensburg, Chris Engelbreght, oom Charl Naudé, Chris Cillie en natuurlik oom Frik Butler het so tussen deur vir my en Pearl gewys hoe om sterte te vleg en so paar lesse gegee. Die beoordelaars het ook elke duif in diepte bespreek en die goeie en slegte punte uit gewys en vergelykings gemaak hoekom die spesifieke duif beter is as die ander een, dit was baie leersaam.

Die aand na die skou het oom Tom gepraat oor al die siektes en watse entstof ons moet gebruik en wat ons eerder moet vermy. Daar is ook gepraat oor die Fantails en waarna ons moet streef in goeie Fantails, Chris Engelbreght het vir my en Pearl gewys hoe om die jong fantail se sterte te knip sodat dit nie te swaar op die klein duif se stuitjie is en problem kan veroosaak nie, nadat hy die

**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**

**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne Alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? - the perfect bird!**

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

een duifie se stert geknip het, het hy die skêr in Pearl se hand gestop en gesê dat ons nou die volgende een moet knip, hy het omgedraai en geloop en toe hy sien uit die vere en weer die laaste Fantails gepraat voordat ons ontbyt geeët het en moes terug keer na ons huise. Ek het by Willie van Rensburg en Coenie Naudé



*My familie voor ek en Pearl met ons kleindogter Ava. Agter vlnr. Dylan (skoonseun), Charlotte (dogter), Justin (seun), Cindy (dogter), Rassie (seun), Lee-Ann (skoondogter) en Erik (seun)*

ons is klaar het hy weer kom aansluit by ons en inspeksie gedoen, hy was tevrede met wat ons aangejaag het en het toe gewys hoe om die stert te plak met 'masking tape' en verduidelik hoekom ons dit moet doen. Daarna het hy eers verduidelik hoekom mens 'n Fantail voor broei tyd moet knip en trim en toe vir ons gewys hoe om dit te doen, dit was regtig baie leersaam. Die aand is daar tot laat Fantails gepraat en resepte uit geruil van rooibos tee mengsels en nog wat.

Die volgende oggend is ons weer vroeg Fantails gekry en tot my verbasing het Willie vir my 'n Lace/Silky wyfie gegee. Pearl was baie in haar noppies en die tien ure huis toe het ons net Fantails gepraat, Pearl het die skou ook so geniet dat sy nou ook haar Strassers terug verkoop het aan Nic Hannekom en ook heel in Fantails is saam my. Sy is elke dag besig met die Fantails en is nou al amper 'n pro met sterte vleg, so sy leer my nou hoe om te vleg.

Vir 'n man wat 'n voltydse werk het en net in die oggende en aande aan die Fantails



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

kan tyd gee, help sy my baie, want sy is elke dag ook in die hokke en vleg sterte en as ek in die aand by die huis kom sal sy my op hoogte bring van die paar wat hulle eerste of tweede eier gelê het of van die eiers wat uit gebroei het.

Ons motto is doen dit voluit of los dit en met 'n vrou soos Pearl wat saam my in die Fantails is weet ek ons sal dit vêr bring en dan met vriende en leermeesters soos die Fantail manne kan ons net verbeter op die ras.

Daar is manne soos Nic Hanekom en oom Johan de Beer wat hier naby ons bly wat ook baie raad gee en help. Dan het ek vir Christo Munnik wat vêr van my bly en altyd gewillig is om raad te gee op whattsapp of oor die foon.

Baie dankie al die duiwe boere wat 'n rol speel in my lewe met die duiwe, daar is te veel om op te noem, maar moet die volgende uitsonder: oom Tom Ryke, oom Nico van der Westhuizen, oom Frik Butler, Christo Munnik, Willie Janse van Rensburg, Pieter Els (my visvang maat en nou duiwe vriend) en Nic Hanekom, sonder julle sou ek nog net katkos Fantails gehad het.

Dit is my geskiedenis met duiwe of soos my vrou sê dit is Danie se duiwe CV.

Duiwe groete
Danie en Pearl Strydom





**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**



# Nuus vanaf die Skaarsrasklub

**Hennie Hattingh**


Die "Skaarsrasklub" is een van 'n hele aantal spesialiteitsklubs binne die SASV wat kosbare werk doen in belang van sy lede en in belang van die duiwerasse in die bepaalde kategorie van "Skaarsrasse". Die volgende rasse is saamgegroepeer onder die begrip "Skaarsrasse" :

Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker en Steinheimer Bagdad.

Tydens die afgelope SASV-Kampioenskapskou in Bloemfontein is vanuit hierdie groep 18 verskillende rasse vertoon deur 24 verskillende vertoners. Merkwaardig as in ag geneem word dat daar tog nog 8 rasse is waarin geen duiwe vertoon is nie. Hoe wonderlik sal dit nie wees as ons by 'n Kampioenskapskou kom en in al 26 die rasse is daar 'n verteenwoordigende aantal duiwe wat vertoon word.

Die hartseer is dat van bovermelde 18 vertoners slegs 6 daarvan lede van die Skaarsrasklub is. Ons as bestuur sou-graag wou sien dat elke SASV-lid wat met 'n Skaarsrasduif teel lid sal word ( en sal bly ) van die Skaarsrasklub. Met die oog daarop om meer blootstelling aan die Skaarsras-duif te gee, word 'n Skaarsrasdag beplan vir D.V. Saterdag 9 Maart 2019 om 09.00 aan huis van Hennie Hattingh te Van Schalkwykstraat 10, Parys. Almal wie Skaarsras duiwe tydens die afgelope SA's vertoon het, sal persoonlik uitnodigings ontvang, maar natuurlik is die dag oop vir enigeen wat belangstel om te kom. Dit is dan ook een van die redes waarom hierdie artikel in "Die Sierduif" verskyn sodat al die lede van die SASV kan weet hulle is welkom om die dag by te woon. Ons sal begin 2019 meer besonderhede in "Die Sierduif" plaas.
Indien u intussen meer inligting verlang is u welkom om my te kontak by 082 923 3910 of per e-pos by henniehattingh703@gmail.com

Vriendelikegroete
Hennie Hattingh
(President : SA Skaarsrasklub)



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003



## *My pad met Sjinese Uile*

***Lourens Muller***

Ek het op Laerskool op die plaas by Odendaalsrus met duiwe begin, dit was “commons” wat ons by kinders op die plaas gekry het. In 1961 het ons kinders by die kinderhuis in Winburg gaan haal vir die vakansie en deur hulle van oom Liebenberg gehoor. Die dag toe ons hulle terugvat Winburg toe, is ons eers by oom Lieb aan en is ek daar weg met Modenas, Lahores en Runts.

In ‘n advertensie in die Landbou Weekblad het ‘n ene Robby Lucket van Sannaspos by Bloemfontein Sjinese Uile te koop gehad. Ek het by hom ‘n paar of twee gekoop en vandaar is nog Sjinese Uile by Eeerwaarde Potgieter van Ladybrand gekry. Dis toe dat ek oom Manie Fourie ontmoet het en by hom ook Sjinese Uile gekry het. Ek moet net hier noem dat my kennis van duiwe ek aan oom Manie te danke het.
In daardie stadium was ek maar dom met duiwe en het net gepaar wat vir my mooi lyk. Dit het na ‘n paar jaar darem beter gegaan danksy oom Manie Fourie.

My eerste skoue was Bothaville en Klerksdorp Landbouskoue en in my tweede jaar skou ek by Wes-Transvaal in Klerksdorp. Die skou was oor Drie of vier dae. Ons het die duiwe soontoe gevat maar kon hulle nie weer die laaste dag gaan haal nie. Ek reël toe met oom Karel Reynecke om die duiwe ‘n paar dae daar by hom te hou. Toe ons by Klerksdorp kom om die duiwe te gaan haal deel oom Karel my mee dat iemand my duiwe gevat het. Dit was nou nie baie lekker nie aangesienek ‘n Junior lid was en die duiwe moes skade ly. So het ek die res wat by die huis was maar laat broei om weer te gaan skou.

My eerste SASV skou was in Bloemfontein in 1964. Ek het die duiwe per trein gestuur en oon Lappies het hulle ontvang daar en weer na die skou vir my teruggestuur. Die aand na die beoordel-

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800




**Chris de Bruin**

**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**

**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**





*Twee van Lourens se Sjinese Uile*

ing kry ek 'n oproep van 'n tannie Lettie Reynecke wat vir my sê dat as ek die Uiltjies in die Ouduif klas geskou het was hy beste Junior duif op skou gewees. Wys net hoe dom ek nog was daardie dae.

So het ek met die Sjinese Uile en nog 'n paar ander rasse onder andere Jakobyne wat ek ingevoer het saam met oom Warren Klopper geboer. Op die skoue het dit in die begin jare maar gegaan oor tweede tot vierde plekke.

Ek en my vrou Magda was nogal lief daarvoor na ons troue om ander duiweboere te besoek. Ons was eendag by oom Hennie de Vos in Pretoria en toe vertel hy my van die Cronjes wat so baie Sjinese Uile het. Ons het toe die Saterdag na hulle toe gegaan. Hulle het toe omtrent al die kleure moontlik gehad en ek kon toe by hulle 'n paar pare te koop kry.

Op die skoue het dit al beter gegaan en het ek baie raswenners met die Uile gehad. Daardie jare het hulle nog in die Strikduif afdeling saam met die Satinette, Blondinette en Afrikaanse Uile geskou. Ek kon net nooit die afdeling wen nie. Oom Neels le Roux wat toe 'n groot vriend was het eendag gevra wat ek sal doen as ek die Strikduif afdeling wen met 'n Sjinese Uil. Ek sê toe vir hom as dit die dag gebeur kan hy al my Uile kry. In 1978 in die Kaap maak oom Warren Klopper 'n Blou Geruite Wyfie van my die beste Strikduif op die skou en is al my Sjinese Uile na oom Neels toe wat hulle maar net weer gesmous het.

Toe Anton Kruger later Geel, Rooi en Wit Sjinese Uile invoer het ek van hulle by Charles Marais van Bloemfontein gekry en goed gedoen met hulle.

Toe Pierre le Roux die Amerikaanse Sji-


Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

nese Uile in kry kon ek eers in 2003 twee paar by hom kry. Ek het weer goed geteel en ook gewen asook vir 'n klompie jare die reserwe kampioen Sjinese Uil op die SA's gewen maar ek kon net vir Pierre le Roux wen nie.

In 2012 in Hartenbos koop ek 'n jong Rooi Grizzle by Pierre le Roux. Hy wou eers niks weet van verkoop nie. Dit was van die Jon de Carlo duiwe wat hy ingevoer het en dit was die deurbraak tot my sukses met die Sjinese Uile en dat ek die afgelope paar jaar die SA's en Streekskoue kon oorheers. Ek het ook nou die geleentheid gehad om fotos en 'n kort beskrywing in die 2017 Pure-Bred Pigeon van hulle Sjinese Uile te kon plaas. Die fotos wat ek en Christo Britz geplaas het vergelyk goed en beter as die Amerikaners se duiwe. Soos Magda sê ek toor met Sjinese Uile en het 'n passie vir hulle, Hulle bly my groot liefde, ek verstaan hulle en het omtrent 'n studie gemaak van die VSA duiwe.








**NAK Smit**

**Teel met**
**American Show Racers**
**Patrysstraat 36**
**Stellenbosch 7600**
**Cell: 072 585 0348**
**E-pos: naksmit@adept.co.za**



Daar is 'n gediggie wat sê:

As ek geweet het dis die laaste keer
dat ek jou aan die slaap sou sien raak,
sou ek meer moeite gedoen het
om jou warm toe te maak.
As ek geweet het dis die laaste keer
wat ek jou by die deur sien uitloop,
sou ek jou gedruk en gesoen het -
en jou teruggeroep het vir nog 'n drukkie.
As ek geweet het dis die laaste keer
dat ek jou stem sou hoor,
sou ek dit op band op geneem
het sodat ek dit weer en weer kon speel.

Ons leef so asof daar nog baie tyd oor is om alles te doen wat ons graag wil . maar sê nou vandag was die laaste kans !

Die Bybel sê:

" ons is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. "

Kom ons maak elke dag tyd om te sê:

'Ek is jammer' of 'dankie' of 'ek waardeer jou'!
As môre dalk nie daar is nie, kom ons leef vandag voluit !

Dit is sulke ware woorde, so ek wil graag vir julle almal sê julle is baie spesiaal vir my en ek waardeer almal van julle se vriendskap.
Baie liefde



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**"Beste wat ek ooit gebruik het. Nou 'n jaar in gebruik. Duiwe in top kondisie. Puik verveer en ken nie meer siek duiwe nie. Het ook puik veerkwaliteit"**

Lourens Muller. Die Duiwehoekie. 29/01/2017




**bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g R117.34**

**Ander produkte:** **bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg R156.18**
**bioworx ENERGYOIL 500ml R182.00**
**bioworx ENERGYOIL 1lt R346.30**
**bioworx BIOFUEL 1kg R125.99**
**bioworx DECHLOR 500g R255.00**

***(BTW ingesluit / Afleweringsfooie uitgesluit)***

**bioworx (edms) bpk** 2000/019696/07
Dekgrasweg 429 Sivertondale Pretoria Tel: 012 348 8888 / 082 879 4208
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za

**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800**

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

## Rules

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat R850 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

### Order from the Nat Ringmaster:

1. **Book of Standards R200 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R60 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R40 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact Robin Prince for correct postage**

## Score board

### Bankofs Shield

| | |
|---|---|
| 1. Freestate: | 2153 |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| 1. Northern Freestate: | 984 |
| 2. Western Transvaal: | 840 |
| 3. North-of-the-Vaal: | 450 |
| 4. Northern Cape: | 353 |
| 5. Eastern Region: | 150 |
| 6. Eastern Province: | 150 |
| 7. Western Cape: | 0 |
| 8. KwaZulu-Natal: | 0 |
| 9. SW Districts: | 0 |

### Bertie Wessels Trophy

| | |
|---|---|
| 1. KwaZulu-Natal | 0 |

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## *Two of the Junior winners SA's 2018*



***Champion Bird German Beauty Homer YC Dean Dreyer 1026/17***




***1st Reserve Muffed Vi-enna L/F Tumb YC Dean Dreyer 2482/17***



***2nd Reserve Frill-back YC Cara-Lee vd Berg 12593/17***



***3rd Reserve Chinese Owl YC Cara-Lee vd Berg 4112/18***



***6th Reserve Mookee YC Cara-Lee vd Berg*** 4094/17



***KwaZulu Natal Region winners of the Bertie Wessels Trophy***

## *Long Service awards Receipients*













## *Special ring Winners*

